

RIETFLUIT - JANUARIE 2004



Daar wag wonderlike verrassings vir jou in 2004

Hoe voel jy as iemand vir jou sê dat hy/sy 'n verrassing vir jou het? Sukkel jy ook om te wag en te sien wat dit is omdat jy so vreeslik opgewonde is? Of glo jy nie meer in aangename verrassings nie? Hier kom een!!

Die Here wat jou in 2004 in Sy hande hou, sê:

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen... (Jes 43:18,19)

Wat ookal jou lewensomstandighede mag wees, die Heer gaan vir jou iets nuuts doen! Wat jou ookal pla. seermaak, bang maak, onrustig maak of selfs geestelik strem, die Here wil 'n nuwe skuif in jou lewe bewerk, wat jou lewe positief verander. Wat 'n heerlike vooruitsig! Is jy ook nou saam met my opgewonde?

Vir ons as gemeente is 2004 'n **feesjaar**, want ons gaan ons 50ste bestaansjaar vier. Wat 'n hoogtepunt! Die naweek van **28-30 Mei** is dit die groot 50-jarige dankfees!! (Later meer hieroor). Die Here wat getrou vir ons as gemeente gesorg en geseen het gaan in hierdie jaar ook vir ons iets nuuts doen. Elke lidmaat, elke kerkraadslid, elke dienswerker, elke leraar, elke pastorale hulp en elke bediening kan groot dinge van die Here verwag in 2004. *Is u gereed om die wonderlike verrassing te ontvang?*

Hierdie jaar is ook internasional gesinsjaar of familiejaar. Vir elke huwelik en familiekring wil die Here 'n nuwe tyd laat aanbreek, 'n tyd van beter en gesonder verhoudings asook groter vreugde. Mag julle as familiekring hierdie jaar die mooiste en beste jaar ooit beleef!

Kom Here! doen asseblief die "iets nuuts" wat U vir my en ons as gemeente in 2004 beplan.

ds Leon van Heerden

DIENS VAN BARMHARTIGHEID


Diens van Barmhartigheid begin die jaar met groot dankbaarheid. Dankie aan elkeen van u wat gedurende 2003 so gereeld in een of ander vorm bygedra het om hierdie Bediening aan die gang te hou.

Soos u reeds weet, bestaan dit uit allimentasie waar persone in nood finansieel en/of met voedsel gehelp word, waar en indien moontlik. **Huis Yana**, die tehuis vir persone met skisofrenie, ontvang u skenkings met groot blydschap. Die **werkklas onder Afke Hepkema** en haar helpers se bekwame leiding, lever 'n waardevolle diens aan 'n klompie swart vroue van die omgewing. Siekesorg hoop om in hierdie jaar aansienlik uit te brei. Boord-vir-Nood en alles wat daarmee gepaard gaan is reeds aan u goed bekend.

So ook die **Jakarnada Kinderhuis** en in besonder Huis 4 met Marie Louw as huismoeder, Anna die baie geduldige huishulp en dertien kinders. U sien hulle gereeld Sondae in die kerk en by die kategese aangesien hulle 'n volwaardige wyk van die Gemeente is. Baie dankie aan almal wat help met hulle vervoer van en na die kinderhuis. Die mooi bedrag van R3 100 is gedurende die Kersdiens ingesamel. Met hierdie geld word vir hulle 'n klein funksie gehou, waar elkeen 'n bedrag as kersgeskenk kry. Hierdie geld word in oorleg met die huismoeder spandeer. Die grootste deel van die geld word spandeer op die aankoop van skoolklere en ander verslag in die Rietfluit en op die afkondigings verskyn.

Baie dankie ook vir u hulp en bystand om te weet Diens van Barmhartigheid Feesjaar op u staatmaak.

2 Kor 1:3 & 4 – *Hy is die Vader wat Hom elke omstandigheid uitkoms gee. In elke Daarom kan ons ook weer ander help wat in*



in 2004, dis lekker kan ook in hierdie

ontferm en die God wat in moeilikheid help Hy ons. allerlei moeilikhede verkeer.

Gesinsbediening

Dit is internasionale familiejaar en ons as kerk skakel daarby in. Die Gesinsbediening beplan daarom ook die volgende geleenthede vir 2004:

- ✓ Manne-Ontbyt (Sat. 6 Maart)
 - ✓ Huweliksweek (18-21 April)
 - ✓ Familie Toewydingdiens (16 Mei)
 - ✓ Ouerleiding geleenthede
-



Vraag: *Ek en my vrou is akuit bewus van hoe moeilik dit is om goeie ouers te wees en soms voel ons ontoereikend om hierdie taak aan te pak. Hoe weet 'n ma en pa wat elke dag vir sy of haar kind die beste is?*

Antwoord: Die mees toegewyde ouers gaan deur tye wanneer hulle bang is dat hulle nie reg reageer op hulle kinders nie. Hulle wonder of hulle oorreageer of te min reageer, of hulle te streng of te toeskietlik is. Hulle vermoed dat hulle groot foute maak wat later by hulle sal kom spook. Gelukkig hoef ouers nie alles reg te doen nie. Ons almal maak duisende foute – en 'n paar grotes ook – wat ons wens ons kan regmaak. Maar op die een of ander manier gaan kinders maar net saam met hierdie flaters en kom heel in orde anderkant uit.

Kom ek gee aan julle dít wat ek beskou as die sleutel tot goeie ouerskap. Dit is om te leer om na dinge te kyk deur die oë van julle kinders, om te sien wat hulle sien en te voel wat hulle voel. Wanneer 'n mens 'n kind se gedagtes ken, word jou reaksie duidelik. Byvoorbeeld, wanneer 'n kind alleen is, het hy jou geselskap nodig. Wanneer haar gedrag uittartend is, het sy jou nodig om haar te help om haar impulse te beheer. Wanneer hy bang is het hy die sekuriteit van jou arms om hom nodig. Wanneer sy gelukkig is, het sy nodig om haar lag en vreugde te deel met die mense vir wie sy leif is. Om gesonde kinders groot te maak is dus nie soveel 'n wetenskap nie as wat dit 'n hoogs ontwikkelde kuns is. En die meeste van ons het die natuurlike intuïtiewe vermoëns om dit aan te leer.

Maak tyd om goed te kyk na die kinders wat leef in julle huis. As julle goed luister na wat hulle sê en mooi kyk na wat hulle doen, sal die emosies agter daardie optrede gou vir jule duidelik word. Dan sal julle reaksie op wat julle sien jule lei om ouers met selfvertroue te wees.



Dankie vir 20 jaar in 'n wonderlike gemeente! (27 Jan 1984-2004)

Dankie vir die voorreg om die afgelope 20 jaar in hierdie gemeente te kan dien.


- "Dankie Here! U is getrou"
- Dankie aan die kerkraad vir julle welwillendheid
- Dankie aan elke aksie en bediening waarvan ek deel is
- Dankie aan elkeen wat my vertrou het met u persoonlike lief en leed
- Dankie vir almal se liefde!

Ek en Chrissie sien uit om nog talle vreugdevolle en vrugbare jare (DV) saam met u die Here te dien in Rietfontein-Suid.

Liefde, ds Leon en Chrissie

RED. Dankie dat julle die genade ontvang het om al vir 20 jaar met die gemeente uit te hou – dis 'n prestasie!!

Ons loof die Here vir julle!!



Ons loof die Here saam met oom Willie Goosen!

Loof die Here saam met Oom Willie Goosen van 18 de Laan. Hy was na 'n beroerte in 'n rolstoel en kon moeilik versorg word weens sy siekte. Nou onlangs het hy desperaat vanuit sy rolstoel tot God geroep om Hom oor hom te ontferm. Oom Willie het bewus geword hoe daar iets in sy liggaam gebeur en hy het die krag gekry om op te staan en te loop. Hy loop vandag nog jubelend voor die Here!

Groot is die Here!

INLIGTING wat nie op kalender verskyn nie

PASTORALE HULPE

Senior Lidmate: Ds. Ernst Rischmüller

Tel: 330 0632

Sel: 082 728 8406

Adres: Ben Swartstr 688

Jeug: Prop. Louis Pienaar
Sel: 082 878 1743

Kinders: Vakant

KASSIER

Mev. Jeanette de Beer



KINDER & JEUGPROGRAM EERSTE KWARTAAL 2004

KINDERKERK EN JUNIOR KATEGESE: SONDAE 09:00-10:30

| | |
|--------------|--------------|
| 25 Januarie | 29 Februarie |
| 01 Februarie | 07 Maart |
| 08 Februarie | 14 Maart |
| 22 Februarie | |

Almal van Voorskool tot en met Graad 6.



SENIOR KATEGESE: SONDAE 17:00-18:15

| | |
|--------------|--------------|
| 25 Januarie | 22 Februarie |
| 01 Februarie | 29 Februarie |
| 08 Februarie | 07 Maart |
| 15 Februarie | 14 Maart |

Almal van Graad 7 tot en met Graad 11.

JEUGBYEENKOMS: SONDAE 19:30-20:30:

| | |
|--------------|--------------|
| 25 Januarie | 22 Februarie |
| 01 Februarie | 29 Februarie |
| 08 Februarie | 07 Maart |
| 15 Februarie | 14 Maart |

ALLE Hoërskoolleerlinge welkom om saam te kom kuier om 'n koppie koffie.

BYBELSTUDIE VIR JONGMENSE: SONDAE 20:00-21:00

| | |
|--------------|--------------|
| 25 Januarie | 22 Februarie |
| 01 Februarie | 29 Februarie |
| 08 Februarie | 07 Maart |
| 15 Februarie | 14 Maart |

Vir alle JONGMENSE wat graag hulle kennis van die Bybel wil verbeter en meer wil leer.

RINGS NASKOOLSE JEUGAKSIE: MAANDAE 19:00 (1 X MAAND):

| | |
|----------------------|-----------------|
| 30 Januarie (Vrydag) | Leer mekaar ken |
| 16 Februarie | |
| 08 Maart | |

ALLE Studente, Jong werkendes, Jong getroudes welkom om saam te kom kuier, geestelik te groei, saam Sy Naam groot te maak.

ECHO-JEUGLOFPRYSING: DINSDAE 18:30:

| | |
|--------------|--------------|
| 20 Januarie | 24 Februarie |
| 27 Januarie | 02 Maart |
| 03 Februarie | 09 Maart |
| 10 Februarie | 16 Maart |
| 17 Februarie | 23 Maart |

Lofprysings geleentheid vir alle Tieners.



RIEKIES: WOENSDAE 15:00-15:45:

| | |
|--------------|--------------|
| 22 Januarie | 25 Februarie |
| 28 Januarie | 03 Maart |
| 04 Februarie | 10 Maart |

As jy op Laerskool is, is hierdie net die plek vir jou. Ons doen baie lekker dinge saam en tussen deur leer ons mekaar en die Here beter ken.

| | |
|--------------|----------|
| 11 Februarie | 17 Maart |
| 18 Februarie | 24 Maart |

BYBELBENDE: DONDERDAE 16:30-17:30:

| | | |
|--------------|--------------|---|
| 21 Januarie | 25 Februarie | Hierdie is die Aksie vir elkeen wat in Graad 6 & 7 is. Kom ontdek jouself deur die Bril van Jesus Christus en kom deel in al die pret en plesier. |
| 28 Januarie | 03 Maart | |
| 04 Februarie | 10 Maart | |
| 11 Februarie | 17 Maart | |
| 18 Februarie | 24 Maart | |

BKJA: DONDERDAE 19:00:

| | | |
|--------------|--------------|--|
| 21 Januarie | 25 Februarie | ALLE Studente, Jong werkendes, Jong getroudes welkom om saam te kom kuier, geestelik te groei, saam Sy Naam groot te maak. |
| 28 Januarie | 03 Maart | |
| 04 Februarie | 10 Maart | |
| 11 Februarie | 17 Maart | |
| 18 Februarie | 24 Maart | |



BKJA STAP!!!! 20-22 MAART!

ALLE Studente, Jong werkendes, Jong getroudes!
MOENIE hierdie geleentheid mis nie!! Die roetes wat ons kies is
nooit baie moeilik nie en selfs die onfikstes onder ons sal dit kan stap.
Hou die Pers dop vir verdere inligting!



BELYDENISKAMP! 27-29 FEBRUARIE

Ons verwag dat ALMAL wat *laas jaar* in die Belydenisklas was sowel as ALMAL wat *hierdie jaar* in die Belydenisklas gaan wees, hierdie kamp sal mee maak. Kom leer mekaar beter ken, leer meer van ons Here en gebruik die kan om 'n bietjie weg te breek!

ALLE VOLWASSENES!!

Indien u belangstel om betrokke te raak by Jeugaktiwiteite en voel dat God u roep om met vandag se Jeug te werk, die aksies/kampe finansieel te onder steun of om op een of ander manier betrokke te raak, moet u asseblief nie huiwer om ons te kontak nie. Ons sal graag van u gawes en talente wil gebruik maak!

Die jaar 2004 is GESINSJAAR!

Kom ons ELKEEN belê hierdie jaar in ons Kinders en Jeug.

Vir meer inligting:

Prop. Louis Pienaar 082 878 1743 (Jeugwerker)
Pieter Meiring 082 487 5462 (Voorsitter van Kinder- en Jeugbediening)